Kuratorium van die Ned. Geref. Kerk van Transvaal

Fakulteit Teologie - Universiteit van Pretoria

Hoof Kerkeie Opleiding:
Tel: (012) 420-2892
Faks: (012) 420-5276
E-pos: ngkerk@up.ac.za

Dr GF Claassen
Posbus 12100
Hatfield 0028

12 Mei 2014

Geagte leraar/saakgelastigde/skriba van die Kerkraad

GELEENTHEID OM 'N VENNOOT TE WEES MET BETREKKING TOT TEOLOGIESE OPLEIDING

Die afgelope paar jaar bestaan daar die moontlikheid vir gemeentes om 'n finalejaar teologiestudent te akkommodeer vir hul verpligte Gemeentejaar. Die Gemeentejaar is 'n baie belangrike komponent van studente se opleiding veral ten opsigte van hul praktykvorming. 'n Betrokke gemeente verkry andersyds die voordeel om 'n student binne die werksaamhede van die gemeente te benut.

Van 'n student word verwag om 15 uur per week gedurende die Gemeentejaar in 'n gemeente werksaam te wees. Studente se ander verantwoordelikhede is om vyf kontakgeleenthede - 'n kontaksessie duur 'n week - by die Universiteit by te woon asook die skryf van 'n skripsie. Die leraar/s van die gasheergemeente, neem verantwoordelikheid as begeleier, om saam met die student sekere uitkomste te laat realiseer. Dié uitkomste word vooraf met die leraars uitgeklaar. Gedurende die jaar is daar terugvoersessies om te verseker dat die proses op koers is.

Volgende jaar sal daar 27 teologiestudente beskikbaar wees om in gemeentes hulle praktykvorming te doen. Indien julle gemeente sou belangstel om in dié verband, vanaf helfte Januarie tot November 2015, 'n vennoot te wees, versoek ons dat daar so gou as moontlik met die Kantoor van Kerkeie Opleiding in verbinding getree word. Stuur ook 'n profiel van die gemeente saam sodat ons die beste moontlike passing met 'n student kan maak. Daar is nie 'n vasgestelde vergoeding wat betaal moet word nie. Gemeentes wat die venootskap oorweeg kan min of meer vir 'n bedrag van R3 550-00 per maand as 'n honorarium begroot. Huisvesting is slegs ter sprake indien die student vir die duur van die jaar in 'n gemeente ver weg van Pretoria of Johannesburg sou moes gaan woon.

Kontak die kantoor asseblief sou gou as moontlik. Daar is net 'n beperkte aantal studente beskikbaar. Selfs al is daar nog nie 'n besluit deur die Kerkraad nie geneem nie, laat weet as daar 'n tentatiewe belangstelling is sodat dit in ag geneem kan word.

Die Kantoor vir Kerkeie Opleiding se kontakbesonderhede is: ngkerk@up.ac.za of telefoonnommer:

012-420 2892.

Saam in Sy diens.

Gustav Claassen